

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 203

(Maart 1986)

Kerk van die Nuwe Testament Word gebou . . .

* * * * *

"U is die Christus, die Seun van die lewende God."

(Mat. 16:16)

". . . en op hierdie rots sal Ek my kerk bou . . ."

(Mat. 16:18)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Die Fondament van die Nuwe Testamentiese kerk

Met groot belangstelling kyk ons as daar 'n fondament gegrawe word vir 'n gebou in ons omgewing. Ons hou die vordering baie fyn dop. En dan wonder ons hoe gaan die gebou lyk as dit voltooi is.

In die verloop van die tyd is God besig om Sy geestelike gebou op te rig:

'n Gebou van God in die gees. 'n Gebou wat vir die ewigheid voltooi word. 'n Gebou wat nooit sal skok of skud nie. 'n Gebou wat geen einde sal hê nie.

Geagte Leser, en dis oor dié fondament van daardie geestelike gebou wat ek met jou wil praat. Daardie fondament is gelê deur niemand minder as die Here Jesus self nie.

Kom ons lees dit saam:

"U is die Christus, die Seun van die lewende God" (Matt. 16:16).

Maar voordat Petrus hierdie pragtige belydenis uitspreek wat die Vader aan hom geopenbaar het (Matt. 16:17), begin die Here Jesus uitvra oor wat die mense van Hom sê.

En dan sê die dissipels dat party mense sê dat Hy Johannes die Doper is, ander weer dat Hy Elia is of, ander Jeremia of een van die profete (Matt. 16:14).

Nadat Jesus gehoor het wat die ander dissipels sê, gaan Hy na sy dissipels toe en vra hulle op die man af:

"Maar julle, wie sê julle is Ek?" (Matt. 16:15)

Dit is wat ek ook vir jou wil vra:

Wie sê jy is die Here Jesus?

En dis baie belangrik dat jy jou baie duidelik daarvoor sal uitspreek. Want dit gaan bepaal of jy 'n steen is wat op die fondament vir die ewigheid gaan rus al dan nie.

Is Christus vir jou die Seun van die lewende God wat na die wêreld gestuur is, om Satan die kop te vermorsel? Jou van sondelas te verlos? Die dood te oorwin? Die saligheid te kom gee?

Daardie geestelike gebou is besig om rondom jou te verrys en jy merk dit nie op nie . . .

Jy beleef dit nie. Jy deel dit nie.

Geen gebou kan sonder 'n fondament opgerig word nie. En met die antwoord op die vraag, wie is Jesus vir jou, lê Christus die ewige fondament. As jy die antwoord reg het, soos Petrus, dan weet jy dat God dit vir jou gesê het. En dan sê Christus ook vir jou:

"Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie" (Matt. 16:18).

Maar as jy nie deel is van die kerk van die Here nie, gaan die magte van die doderyk jou oorweldig.

Dit sal jou ook niks help as net jou naam op die kerk se register staan nie: Jy moet daar wees.

Jy moet bely.

Jy moet glo.

Jy moet aanbid.

Daardie rots waarop die ewige kerk gebou word, is ook ewig vas en onbeweeglik sterk.
Daardie belydenis sal nooit verander nie.

Dan kan die winde van versoeking maar waai en die reën kan maar stort.

Daardie rots van my belydenis . . .

is 'n Godgegewe vesting waar ek in die lewe al vir die ewigheid in kan vlug.

Is jy deel van die Kerk met die belydenis?

Ds. Andries Mulder

Boumateriaal

(1 Kor. 3:11 e.v.)

Die Nuwe Testamentiese Kerk word gebou. Dit is 'n stelling wat u miskien sal verbaas. Ons weet van die kerke wat pragtige kerkgeboue gebou het. Kerke met of sonder torings. Kerke met die pragtigste banke, mooi kansels, en met groot orrels in.

Maar die stelling wat in die begin gemaak is, gaan nie oor 'n kerkgebou nie. Dit gaan oor die **KERK** van alle eeue.

Die Nuwe Testamentiese Kerk is onder andere u en ek! Die lewende boustene van die **KERK** van Jesus Christus.

Die fondament van die kerk is Jesus Christus self. Op hierdie fondament het Paulus en die ander apostels begin bou. U en ek bou vandag nog!

U en ek die boumateriaal!

"en as iemand op dié fondament bou, goud, silwer, kosbare stene, hout, hooi, stoppels — "

Bou ons met goud of met stoppels?

Jesus Christus is self die fondament — kon ons 'n beter fondament gekry het?

Kon ons 'n beter hoeksteen verlang?

Nee beslis nie.

Die beste fondament verwag egter ook die beste boumateriaal.

Of sou u 'n huis bou, met stewige bewapende fondasie, en daarop, gras en houtpale gebruik vir die mure? Kwalik nie.

Van u en my word verwag om op die fondament Jesus Christus net met die beste materiaal te bou — net met goud.

En om met goud te bou is om die Here Jesus Christus met jou ganse lewe te dien. Ten volle en met oorgawe te dien.

Bou ons so op hierdie fondament?

U sal erken ons doen dit nie elke dag nie. Hoeveel keer moet die kerk nie maar tevrede wees met die stoppels, en hooi, en die hout nie.

Ons moet onthou dat ons werke, ons diensbaarheid, moet die proef van vuur deurstaan!

Laat ons onself so 'n bietjie afvra — Hoe bou ons, en met wat bou ons? Bou ons, of breek ons af?

Dien die Here met blydschap —

Wie deur Gods vrees bewoë trou op die weg wil gaan waar hom Gods wil voor oë en klaar geteken staan Die arbeid van sy hande sal hy met vreug geniet wanneer die koringlande met seën hul opbrings bied.

Ds. L. H. van Schaik

Die opbou van die liggaam van Christus

(Ef. 4:12, 16)

Die spreekwoord sê: Adeldom verplig.

Dit beteken dat elkeen wat tot die adelstand verhef is, daarmee sekere verpligtinge en verantwoordelikhede ontvang.

In Christus is elke gelowige tot die adelstand verhef. Die apostel Petrus skryf: Julle is die uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God . . . "mense wat uit die duisternis geroep is na sy wonderbare lig."

Elkeen wat soveel van Christus ontvang het, moet ook iets gee.

Elkeen wat deur genade lid van Christus en sy liggaam geword het, het daarmee ook verpligtinge en verantwoordelikhede ontvang.

Elke gelowige het 'n groot dienswerk om te verrig.

En volgens Ef. 4 is ons dienswerk om, terwyl ons ons Christelike roeping uitleef, die gemeente van die Here op te bou. Dit is elke gelowige se dienswerk om die een liggaam waaraan ons behoort, waarin een Gees woon te help uitbou.

Met die oog op die opbou en groei van sy Kerk, het Christus die gawes van apostels en profete en evangeliste en herders en leraars gegee. Die verantwoordelikheid vir die opbou van die Kerk lê egter nie net op hulle skouers nie, dit is die taak van elke gelowige.

Want die opdrag aan die besondere ampsdraers is om elke gelowige, elke lidmaat, toe te rus en te lei en aan te spoor, sodat elkeen kan meewerk aan die bevordering van die groei van die liggaam. Almal in die gemeente moet meewerk tot die opbou van almal. Elkeen moet sy besondere gawes in diens van hierdie opdrag gebruik.

Paulus skryf in 1 Kor. 12:21: "**Die oog kan nie vir die hand sê: Ek het jou nie nodig nie. Die kop kan weer nie vir die voete sê: Ek het julle nie nodig nie**". Want ook dié lede van die liggaam wat die swakste voorkom, is juis noodsaaklik.

Hierdie opbouing moet **in liefde** geskied. Daarin *moet* ons strewe na die eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. En daarin moet ons groei na die volmaaktheid en volwassenheid van Christus, sodat ons standvastig en koersvas ons belydenis met 'n godvrugtige lewe kan versier.

Só moet elke gelowige sy deel ten volle doen, mekaar opbou en mekaar steun, om die groei van die hele liggaam, en ook van elke lid afsonderlik te bevorder, sodat die heerlikheid van die kinders van God in hulle gestalte kan kry en God daardeur verheerlik word!

Ds. Pieter van der Walt

Wat moet die kerk doen?

(7 Petrus 2:9):

"Julle is die uitverkore volk . . . wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig."

Wat die Kerk nie is nie

Dit is verstommend watter eienaardige idees mense van die kerk het.

Die kerk is dié instansie wat ek nodig het om my kind te laat doop, en om begrafnisse vir my familie waar te neem, en my te trou.

- Die Kerk is dié organisasie wat my moet help as ek finansieel in die knyp is, en vir my getuigskrifte moet gee as ek aansoek doen vir werk.
- Die Kerk is dié vereniging waaraan ek moet behoort as ek tenminste ordentlik in die samelewing wil deurgaen.
- Baie mense se siening van die Kerk is: Wat die kerk vir my doen? En nie: Wat ek vir die kerk doen? nie. Die kerk het 'n sekere plig teenoor my waarop ek geregtig is.

Wat is jou plig?

Die Here het sy volk uitverkies, nie soseer om dit vir hulle gerieflik te maak nie; maar Hy het hulle met 'n sekere verantwoordelikheid beklee. Die Here het die lidmate van die kerk uitverkies om te werk. Hy het hulle na Hom toe geroep om hulle in hierdie wêreld uit te stuur.

Diegene wat in Christus glo, is sy ambassadeurs en gesante in hierdie wêreld. Die ware Christus het die roeping en opdrag om aan die ander mense te gaan vertel hoe wonderlik hulle God is.

Ons moet vir die ander mense wat God nog nie ken nie, gaan vertel dat God ons geroep het uit die duisternis van die verderf na sy wonderbare lig.

Ons moet vir hulle vertel dat Hy ons uitgelei het uit die sonde-slawerny van Egipte, en dat Hy ons burgers gemaak het van die nuwe Jerusalem, burgers van die Koninkryk van die lewende God. Uit ons woorde, en uit ons dade, en uit ons hele lewensoptrede moet die man op straat en ons kollegas by die werk sien hoe goed en almagtig en vol liefde ons God is.

- 1 Pet. 2:12: "Gedra julle altyd goed onder die heidene, sodat, al praat hulle kwaad van julle asof julle misdadigers is, hulle julle voorbeeldige lewe kan sien en God kan verheerlik op die dag van afrekening."
 - Matt. 5:16: "Laat julle lig só voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik."
 - Joh. 15:8: "My Vader word juis hierdeur verheerlik dat *julle* baie vrugte dra."
- Die vraag wat ons ons moet afvra, is: Wat kan ons doen om die eer van God se Naam te bevorder? Wat kan ons doen vir die uitbreiding van se Koninkryk hier op aarde.
- Ons moet vrugte dra wat by die bekering pas.
- Ons moet soutende soute wees wat aan 'n lawwe wêreld smaak gee.
- Wanneer jy waarlik glo, dan gee God aan jou uit genade die ewige lewe.

Daarom moet jy ook gee! Giet jou lewe as 'n dankoffer aan God uit! Wees gehoorsaam aan Hom!

- Hand. 20:35: "Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang."

Ds. A. H. Grové

Die resultaat van kerk-wees

Eendag . . . miskien nie meer so ver in die toekoms as wat ons dink nie . . . eendag gaan *alles* tot niet gaan. Dan gaan God se stem weerklink: "Dit is verby". Lees gerus Openbaring 21. Dan is dit die wederkoms ... die eindoordeel . . . die totale en ewige vernietiging van hierdie wêreld.

Maar slegs die "kerk" sal nie vernietig word nie, sê Christus in Mattheus 16. En wie is die "kerk"? Dit is die mens wat glo in Christus ... die lidmaat van sy kerk ... die wedergebore, bekeerde Christen. Slegs hulle sal ewig lewe!

Sien u die nut van kerk-wees? Dit bied aan jou die belofte van 'n ewige lewe deur Jesus Christus.

En dink net vir jouself: As God hierdie magswoord spreek, waar is jy? Is jy deel van Sy kerk? So ja . . . dan sal jy ewig lewe. So nee, dan . . .

Ja onthou . . . in die ganse wêreldgeskiedenis hoor ons God slegs *drie*-keer 'n magswoord uitspreek:

— Die eerste na sy skepping: *DIT IS GOED!* Die skepping is goed, die mens, alles is goed geskape . . . volmaak . . . heerlik. Maar dan knak en verwoes die sonde hierdie goue skepping van God.

— Daarom moes God 'n tweede keer 'n magswoord spreek. Dit was toe Jesus Christus vanaf die kruis op Golgota uitroep: *DIT IS VOLBRING!*

God het sy gevalle skepping herskep in Christus . . . dis goed, volmaak, heerlik. Maar die goddelose mensheid het Christus verwerp . . . Sy versoening geminag . . . Sy kerk bespot.

— Dus . . . vir 'n derde keer sal God 'n magswoord móét spreek. Openbaring 21 sê dit sal wees: *DIT IS VERBY.*

Dan is dit finaal en ewig verby. God se genadetyd is ook verby. En na hierdie derde magswoord sal daar geen verwoesting van sonde ooit weer wees nie!

Jy en ek leef in die tyd tussen die tweede en derde magswoord. Dit is dié tyd van die vrug van geloof in Christus — die tyd waarin die kerk meer as ooit geroepe word om te getuig.

En mag jy en ek en almal wat lewe deur die Heilige Gees, versier word as sierade in God se kerk. Die resultaat daarvan is onuitspreeklik heerlik:

Die ewige lewe!

Ds. Nico Ligthelm